# Is Sondag Werklik Heilig?

JOE CREWS

Kopiereg © 2004 deur
Lu Ann Crews

Alle regte voorbehou.

In Afrikaans vertaal deur
Anita van Deventer

Vir gebruik in die
Transvaal Konferensie

# Is **Sondag**
# Werklik Heilig?

1. 'N VERKEERDE DRAAI ………………………………………………………
2. GESLOTE VERSTANDE EN MEERDERHEIDSMAATSTAF ……………………………………………
3. OPSTANDING OP SONDAG ……………………………………………
4. BEPALING VAN DIE WARE SABBAT…………………………
5. UIT VREES VIR DIE JODE ……………………………………………
6. GEEN SONDAGONDERHOUDING IN KORINTHE ..
7. PAULUS SE LANGSTE PREEK …………………………………………
8. WAAROM EUTICHUS UIT DIE KERK GEVAL HET …
9. DIE DAG WAT HULLE GEHOU HET…………………………….

## Hoofstuk Een
## **'n Verkeerde Draai**

**E**en van Dawid se pragtigste gebede is opgeteken in Psalm 43:3. "Stuur u lig en u waarheid; laat dié my lei; laat dié my bring na u heilige berg en na u woning."

Hierdie selfde ernstige versoek om God se Woord te verstaan, behoort in die hart van elke opregte soeker na waarheid te wees. 'n Gewilligheid om te leer en te gehoorsaam, moet 'n karaktertrek wees van almal wat verwag om deur die Heilige Gees ingelig te word. Aan diesulkes sal die pragtige belofte van die saligsprekinge vervul word. "Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word." (Mattheus 5:6).

Dit is egter van geen nut om te bid vir die waarheid wanneer ons nie van plan is om dit te gehoorsaam wanneer God ons gebed beantwoord nie. Een van die grootste gunste wat God aan ons kan bewys, is om vir ons die kennis van Sy Woord te gee. En die mees voorbarige iets wat enigiemand kan doen, is om te bid vir 'n begrip van God se wil en om dan, wanneer die antwoord kom, om welke rede ookal, weier om dit te gehoorsaam.

Baie mense is skuldig daaraan dat hulle die Bybel afwater om by hulle arm, swak ondervinding te pas, in plaas daarvan om hulle ondervinding te versterk om aan die vereistes van die

Woord te voldoen.  Daar is slegs een groot beslissende toets vir waarheid, en dit is die Bybel.  Elke godsdienstige gedagte, elke boek wat ons lees, en elke preek wat ons hoor, behoort gemeet te word aan die onfeilbare maatstaf van die geïnspireerde Skrif.  Dit maak nie saak wat ons as kinders geleer het nie, of wat die meerderheid volg nie, of wat ons emosies ons lei om te dink of te glo nie.  Daardie faktore is ongeldig as 'n toets vir absolute waarheid.  Die finale vraag moet geantwoord word:  Wat sê die Woord van God oor die onderwerp?

Sommige mense dink dat as hulle opreg is in dit wat hulle glo, God hulle sal aanvaar en red.  Opregtigheid alleen is egter nie genoeg nie.  Iemand kan opreg wees, maar opreg verkeerd.  Ek onthou hoe ek 'n paar jaar gelede na West Palm Beach in Florida, V.S.A., gery het.  Ten minste, ek het gedink dat ek daarheen oppad was.  Dit was nag en vir 'n geruime tyd het ek geen padtekens gesien nie.  Skielik het my motor se ligte 'n teken verlig wat gesê het, "Belle Glade 14 myl."  Mismoedig het ek besef dat ek besig was om in die teenoorgestelde rigting weg van West Palm Beach te reis.   Ek was op die verkeerde pad.  Niemand kon daardie nag meer opreg as ek gewees het nie, maar ek was opreg verkeerd.  Ek kon aangehou het om op daardie pad te reis en gesê het dat op een of ander manier, iewers daar voor ek wel West Palm Beach sou vind.  In plaas daarvan het ek omgedraai en teruggegaan na die plek waar ek die verkeerde afdraai geneem het en was terug op die regte

pad wat na West Palm Beach gelei het. Dit was die enigste regte ding om te doen.

## Hoofstuk Twee
## **Geslote Verstande en Meerderheidsmaatstaf**

**G**od se Woord het baie te sê aan diegene wat gewillig is om reggehelp te word. Die mense wat die jammerste gekry moet word, is diegene wat geslote verstande het. Hulle sal enige inligting teenstaan wat verskil van hulle persoonlike sieninge. Hulle mening is gevorm en hulle stel nie belang in nuwe feite nie. Dit is veral waar ten opsigte van die onderwerp van die Sabbat. Menigtes het opinies oorgeërf oor die dag wat weekliks gehou moet word, en hulle vind dit baie moeilik om objektief na enige ander sienswyse te kyk. Baie van hulle weet dat een van die Tien Gebooie vereis dat die sewende dag van die week gehou moet word. Hulle weet ook dat die sewende dag Saterdag is. Nogtans volg hulle hardnekkig die tradisie om 'n ander dag as die een wat God beveel het, te onderhou. Hulle aanbid op Sondag, die eerste dag van die week, waarvoor daar geen Bybelse bevel is nie.

Waarom doen hulle dit? Die Meeste Sondaghouers het eenvoudig die praktyk van die godsdienstige meerderheid in die gemeenskap waar hulle groot geword het, aanvaar en aangeneem dat dit reg moet wees omdat so baie dit doen. Is dit 'n veilige veronderstelling? Is die meerderheid gewoonlik

reg in godsdienstige sake?

Die Bybel beantwoord hierdie vrae duidelik negatief. Elke beskikbare bron van inligting, openbaar dat veral in godsdienstige sake, die meerheid altyd verkeerd was. Jesus Self het gesê, "En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens" (Lukas 17:26). Slegs agt persone het in die ark ingegaan om van die vloed gered te word. Christus het geleer dat slegs 'n vergelykbare minderheid aan die einde van die wêreld gered sal word. Hy het gesê, "Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind." (Mattheus 7:13,14).

Dit is baie waar dat die groter meerderheid van Christene vandag, insluitende baie beroemde evangeliste en teoloë, Sondag hou in plaas van die sewende-dag Sabbat. Slegs daardie feit behoort nie enigiemand te veel te beïndruk nie. In die lig van God se woorde, behoort dit op sigself 'n waarskuwingslig te laat flikker. Die waarheid was nog nooit populêr onder die menigtes nie. En diegene wat vandag in die meerderheid is, soos in al die vorige eeue, soek nie werklik na die waarheid nie, maar eerder na 'n vleiende, gerieflike, gemaklike godsdiens wat hulle sal toelaat om te leef soos wat hulle wil.

Wat behoort die toets vir die Sabbatwaarheid dan te

wees? Slegs een ding, en een ding alleen – die Woord van God. Ongelukkig bestudeer miljoene nooit self die Bybel oor hierdie onderwerp nie. Ek stel voor dat ons die Sondaghoudende praktyk van hierdie meerderheidsgroep toets en uitvind of dit korrek is. Indien dit bybels is, dan behoort almal van ons dit te aanvaar en elke Sondag getrou te onderhou. Indien die Skrif dit nie ondersteun nie, behoort ons die Woord ywerig te ondersoek totdat ons die dag vind wat onse Here ons beveel het om te onderhou.

Die eerlikste manier waarvan ek weet om hierdie onderwerp te benader, is om te kyk na absoluut alles wat die Bybel sê oor die eerste dag van die week. Daar is slegs agt tekse in die Nuwe Testament wat na Sondag verwys, en deur hierdie versies noukeurig te bestudeer, kan ons seker wees dat ons al die bewyse het om te oorweeg. Indien daar enige bybelse gesag is vir die onderhouding van die eerste dag van die week, sal dit in een van hierdie versies gevind moet word.

Is ons gewillig om die gevolge te aanvaar van so 'n uitgebreide studie? Hier is dit waar ons vooroordele getoets sal word! Kan ons ons verstande geheel-en-al oopstel vir wat hierdie objektiewe soektog ookal openbaar? Hierdie is nie strikvrae nie. Persoonlik gee ek nie om watter dag as die Sabbat aangewys word nie. Indien die Bybel dit leer, sal ek met blydskap Maandag, Donderdag, Vrydag, of Sondag, onderhou. Lank gelede het ek besluit om 'n Christen te wees en om die Woord van God te volg waarheen dit sal lei, ongeag

van my gevoelens. Dit maak geen verskil aan my watter dag ek heilig hou nie, *solank dit die een is wat in die Bybel beveel word!* Ek hoop u voel dieselfde terwyl ons ons ondersoek na elke verwysing in die Nuwe Testament wat die eerste dag van die week noem, begin.

## Hoofstuk Drie
## **Opstanding op Sondag**

**K**om ons begin met die eerste Evangelie. Mattheus skryf, "En laat na die sabbat toe dit begin lig word, teen die eerste dag van die week, kom Maria Magdalena en die ander Maria om na die graf te gaan kyk." (Mattheus 28:1). Hier het ons 'n heel interessante bewys dat die Sabbat onmoontlik die eerste dag van die week kon wees. Volgens hierdie verslag, was dit die einde van die Sabbat toe die eerste dag van die week begin het. Hulle is twee opeenvolgende dae. Gebaseer op die Skrif kan niemand in werklikheid Sondag die Sabbat noem nie. Dit sou beide verwarrend en onbybels wees.

Die inhoud van Mattheus se getuienis is slegs dat die vroue teen dagbreek op die dag na die Sabbat gekom het en gevind het dat Jesus alreeds opgestaan het. Dit stem perfek ooreen met die volgende Evangelie, wat 'n paar meer besonderhede byvoeg. Let op dat Markus die dagbreek vergelyk met "sonop." Hy het geskryf, "En toe die sabbat verby was, het Maria Magdaléna en Maria, die moeder van

Jakobus, en Salóme speserye gekoop om Hom te gaan salf. En baie vroeg op die eerste dag van die week, net ná sonop, kom hulle by die graf. En hulle sê vir mekaar: Wie sal vir ons die steen voor die opening van die graf wegrol?" (Markus 16:1-3).

Hierdie ooreenstemmende Evangelie verslae klaar 'n algemene wanbegrip op wat ontstaan het oor die betekenis van Mattheus se woorde "toe dit begin lig word, teen die eeste dag van die week." Sommige het hierdie geïnterpreteer as net voor sononder op Saterdagaand. Aangesien die Hebreeuse bepaling die einde van die Sabbat as sononder sou vasstel, het hulle aangeneem dat die vroue gekom het net voordat die eerste dag met sonsondergang ingelui was.

Hier sien ons die waarde daarvan om teks met teks te vergelyk. Markus se woorde maak dit onmoontlik om die siening te huldig dat die vroue op Saterdagaand gekom het en die graf leeg gevind het. Hy noem dieselfde vroue wat teen sonop op Sondagoggend gekom het, maar hulle het die vraag gevra, "Wie sal vir ons die klip wegrol?" Dit is duidelik dat indien hulle die aand vantevore daar was en 'n leë graf ontdek het, sou hulle geweet het dat die klip alreeds voor die ingang verwyder was. Ons kan dus duidelik verstaan dat Mattheus se "sonop" verwys na die vroeë oggend besoek met dagbreek op Sondagoggend.

Die derde Nuwe Testament verwysing na die eerste dag is 'n eenvoudige verhalende stelling in Markus 16:9, "En nadat Hy opgestaan het, vroeg op die eerste dag van die week, het Hy

eers verskyn aan Maria Magdaléna, uit wie Hy sewe duiwels uitgedryf het." Min kommentaar is hier nodig, omdat die versie slegs dieselfde verhaal van die opstanding vroeg op Sondagoggend herhaal. Die belangrike ding is om daarop te let dat niks gesê word in enige van hierdie tekse dat die eerste dag van die week heilig is nie. Daar is geen aanduiding van enigiemand wat die dag ter ere van die opstanding onderhou nie.

## Hoofstuk Vier
## **Bepaling van die Ware Sabbat**

**E**en van die volledigste woordprente van die opstandingsgebeure word in die Evangelie van Lukas gevind, en hier lees ons die vierde verwysing na die eerste dag van die week. "Hy (Josef van Arimathéa) het na Pilatus gegaan en die liggaam van Jesus gevra en dit afgehaal en in linne toegedraai en dit neergelê in 'n graf wat uit 'n rots gekap was, waar nog nooit iemand in gelê het nie. En dit was die dag van voorbereiding, en die sabbat wou aanbreek." (Lukas 23:52-54).

Voordat ons verder lees, laat ons die geïnspireerde beskrywing van hierdie kruisigingsdag noukeurig ondersoek. Die grootste Christelike meerderheid stem saam dat hierdie gebeure op die dag wat ons nou Goeie Vrydag noem, plaasgevind het. Hier word dit die "voorbereidingsdag" genoem, omdat dit 'n tyd was om spesiale voorbereidings vir

die aankomende Sabbat te tref. Die teks verklaar inderdaad baie eenvoudig, "die sabbat wou aanbreek." Dit beteken dat dit sou volg.

Wat het nog gebeur op die dag wat Jesus gesterf het? "En die vroue wat saam met Hom van Galiléa gekom het, het ook gevolg en die graf gesien en hoe sy liggaam neergelê was. Daarop het hulle teruggegaan en speserye en salf berei en op die sabbat gerus volgens die gebod." (Verse 55, 56).

Gedurende die res van daardie beslissende Vrydag, het die vroue die nodige middels gekoop om Jesus se liggaam te salf en verdere voorbereiding getref vir hulle beplande Sondagoggend besoek aan die graf. Toe die Sabbat teen sononder begin het, het hulle "op die sabbat gerus volgens die gebod." Dit identifiseer daardie heilige dag as die spesifieke weeklikse Sabbat van die Tien Gebooie en nie die Paasfees of 'n ander fees-sabbat wat op enige dag van die week gehou kon word nie.

Die volgende teks vertel vir ons wat die vroue op die dag wat op die Sabbat gevolg het, gedoen het. "En baie vroeg in die môre, op die eerste dag van die week, het hulle en ander saam met hulle by die graf gekom en die speserye gebring wat deur hulle toeberei was. En hulle het die steen van die graf afgerol gevind." (Lukas 24:1,2).

Eerstens let ons op dat die vroue gekom het om hulle gereelde pligte op die dag van die opstanding uit te voer. Moderne kerke verwys na daardie spesifieke eerste dag van

die week as Paassondag. Daar kan geen twyfel wees dat Jesus iewers gedurende die donker ure van daardie vroeë oggend opgewek is nie. In geeneen van die Evangeliese verslae het ons enige bewys dat die vroue, of enigiemand anders, enige heiligheid geheg het aan die dag waarop die opstanding plaasgevind het nie.

Lukas se verslag van daardie gebeurtenisvolle naweek bewys sonder twyfel dat die ware sewende-dag Sabbat nog steeds presies bepaal kan word. Hy beskryf die volgorde van gebeure oor drie opeenvolgende dae – Vrydag, Saterdag en Sondag. Jesus het op die voorbereidingsdag gesterf net voor die Sabbat sou aanbreek. Christene verwys nou daarna as Goeie Vrydag. Die volgende dag was die Sabbat "volgens die gebod." Aangesien die gebod eenvoudig aandui dat "die sewende dag die sabbat van die Here is," moes daardie Sabbat Saterdag gewees het.

Dit is baie interessant om op te let dat Jesus op Sabbat in die graf gerus het van Sy werk van verlossing, net soos wat Hy op die Sabbat van Sy skeppingswerk gerus het.

Op die dag na die Sabbat het Jesus opgestaan. Vandag word daarna verwys as Paassondag, maar die Bybel beskryf dit as "die eerste dag van die week." In die lig van hierdie onweerlegbare geskiedkundige feite waaraan die hele Christendom glo, kan niemand twyfel oor die ware Sabbat nie. Dit is die dag tussen Goeie Vrydag en Paassondag. Lukas se verslag is so 'n perfekte kronologiese rekord van daardie drie

dae dat selfs die eenvoudigste en ongeleerdste die bybelse sewende dag op ons moderne kalender kan vind.

Nou is ons gereed om die vyfde Nuwe Testamentiese stelling oor Sondag te ondersoek. "En op die eerste dag van die week, kom Maria Magdaléna vroeg, terwyl dit nog donker was, by die graf en sien dat die steen van die graf weggeneem was." (Johannes 20:1). Daar is baie min nuwe inligting in Johannes se beskrywing van die opstanding. Net soos al die ander skrywers gee hy geen aanduiding dat die eerste dag van die week ooit as heilig beskou was of deur enigiemand as heilig gehou was nie. In al die Evangelieverhale tot dusver, is die een uitstaande kenmerk die totale afwesigheid van enige sodanige bewys.

## Hoofstuk Vyf
## Uit Vrees vir die Jode

**J**ohannes noem die "eerste dag" weer in dieselfde hoofstuk, en hierdie word dikwels verkeerd verstaan as 'n verwysing na Sondagaanbidding. "En toe dit aand was op daardie eerste dag van die week en die deure waar die dissipels vergader het uit vrees vir die Jode, gesluit was, het Jesus gekom en in hul midde gestaan en aan hulle gesê: Vrede vir julle!" (Johannes 20:19).

Selfs al het hierdie byeenkoms agter geslote deure op dieselfde dag plaasgevind as die opstanding, was dit 'n spesiale

herdenking van daardie gebeurtenis? Die omstandighede maak dit onmoontlik vir so-iets om die geval te wees. Die teks verklaar eenvoudig dat hulle daar saam was "uit vrees vir die Jode." Die bevreesde dissipels het alreeds gehoor dat die graf leeg was, en hulle het verwag om binnekort beskuldig te word dat hulle die liggaam van Jesus gesteel het. Hulle het in die geslote kamer saamgedrom vir beskerming en gerusstelling.

Die feit is dat hulle nie geglo het dat Christus uit die dood opgewek was nie. Markus se verslag openbaar dat hulle die getuienis van Maria en die ander dissipels wat gesê het dat hulle wel die herrese Here gesien het, geheel-en-al verwerp het. "Sy het gegaan en dit vertel aan die wat saam met Hom gewees het, terwyl hulle treur en ween. En toe hulle hoor dat Hy lewe en deur haar gesien is, het hulle dit nie geglo nie. En hierna het Hy in 'n ander gedaante verskyn aan twee van hulle terwyl hulle loop, op pad in die veld. Hulle het ook gegaan en dit aan die ander vertel, maar dié het hulle ook nie geglo nie. Later het Hy aan die elf self verskyn toe hulle aan tafel was, en Hy het hulle hul ongeloof en hardheid van hart verwyt, omdat hulle die wat Hom ná sy opstanding gesien het, nie geglo het nie." (Markus 16:10-14).

Gebaseer op hierdie woorde, moet ons die verleentheid van daardie Sondagmiddag byeenkoms in die geslote kamer, net ignoreer. Dit was nie 'n geleentheid van ongekende vreugde oor die opstanding soos wat sommige dit beskryf het

nie. Inderwaarheid was daar selfs geen erkenning aan die kant van die dissipels dat 'n wonderwerk plaasgevind het nie. Hulle was bevrees, teneergedruk, en ongelowig. Toe Jesus aan hulle verskyn het, het Hy woorde van sterk vermaning gespreek oor hulle gebrek aan geloof en omdat hulle die getuienis van hulle eie metgeselle verwerp het. Hoe misleidend is dit om hierdie 'n gelukkige herdenkingsdiens te maak ter ere van die opstanding!

Tot dusver het ons ses van die agt Nuwe Testamentiese verwysings noukeurig bestudeer sonder om 'n enkele geval te vind van Sondagonderhouding. Inderwaarheid openbaar elkeen van hulle konsekwent geen erkenning van die eerste dag van die week vir aanbidding, gebed, rus, of om die opstanding te vereer. Die Evangelies was 'n hele paar jaar na die gebeurtenisse plaasgevind het, geskryf. Daar was dus baie geleenthede vir die Heilige Gees om die skrywers met die volle feite te inspireer. Jesus het vir Sy dissipels gesê dat die werk van die Gees was om "julle in die volle waarheid te lei" (Johannes 16:13). Indien die onderhouding van die eerste dag enigsins deel van waarheid was, dan sou die Heilige Gees goddelik verplig gewees het om dit aan Mattheus, Markus, Lukas en Johannes te openbaar. So het onse Here gesê.

Nou gaan ons na die twee oorblywende verwysings. Indien ons in hierdie tekse geen bewyse vind nie, sal ons die soektog moet staak, want daar is geen ander plek om te kyk nie. Paulus en Lukas is die laaste getuienisse wat die eerste dag van die

week noem, en beide van hulle se woorde word heeltemal verkeerd vertolk.

## Hoofstuk Ses
## **Geen Sondagonderhouding in Korinthe**

**I**n 1 Korinthiërs 16:1,2 het Paulus geskryf: "Wat die insameling vir die heiliges betref, moet julle ook so doen soos ek vir die gemeentes van Galásië gereël het. Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insamelinge nie eers plaasvind as ek kom nie. … sal ek die persone wat julle goedkeur, met briewe stuur om julle gawe na Jerusalem te bring."

Let asseblief noukeurig daarop dat die apostel gesê het, en wat hy nie gesê het nie. Baie het aangeneem dat 'n godsdienstige byeenkoms gehou was en dat 'n kollektebord omgestuur was. Dit is nie die geval nie. Paulus het spesiale oproepe aan die kerke in Klein Asië geskryf, omdat baie van die Christene in Jerusalem baie swaar gekry het weens 'n tekort aan voedsel en daaglikse benodigdhede. Paulus het die kerk in Korinthe gevra om voedsel, klere, ens., bymekaar te maak en dit by hulle huise te hou totdat hy manne kon stuur om dit na Jerusalem te vervoer. Die uitdrukking "opsy sit en opspaar" in die oorspronklike Grieks gee die duidelike konnotasie van wegsit by die huis. Selfs persone wat Sondag

verdedig, stem hiermee saam.

Daar was geen diens op die eerste dag van die week gehou nie. Die bymekaar maak en wegsit moes op daardie dag gedoen word. Waarom het Paulus voorgestel dat hierdie werk op Sondag gedoen moes word, en wat was betrokke by die doen daarvan?

Eerstens sou die brief op Sabbat aan die kerk voorgelees gewees het toe hulle almal saamgekom het vir aanbidding. Die eerste geleentheid om die werk te doen sou die volgende dag wees – die eerste dag van die week. Hou in gedagte dat daar 'n waarskynlike voedseltekort in Jerusalem was, en die nood was nie hoofsaaklik vir geld nie. Sodanige toestande van hongersnood was nie ongewoon in dele van die Midde-Ooste nie, soos wat Lukas ons in Handelinge 11:28-30 herinner.

Die kerk in Rome gee 'n wenk oor die spesiale behoeftes van daardie lydende Christene. "Maar nou reis ek na Jerusalem in diens van die heiliges. Want Macedónië en Achája het dit goedgevind om iets by te dra vir die armes onder die heiliges in Jerusalem. Hulle het dit goedgevind, sê ek, en hulle is ook hul skuldenaars; want as die heidene deel gekry het aan hulle geestelike voorregte, is hulle ook verskuldig om hulle met stoflike goedere te dien. As ek dit volbring het en vir hulle hierdie vrug veilig oorgebring het, sal ek by julle langs na Spanje reis." (Romeine 15:25-28).

Hier raak die apostel 'n tere puntjie aan in sy oortuigende oproep. Die Romeinse Christene was baie dankbaarheid

verskuldig aan die moederkerk in Jerusalem wat onderwysers gestuur het om hulle te evangeliseer.  Paulus het by hulle aangedring om wêreldse, of materiële geskenke te gee in waardering vir die geestelike waarhede wat hulle van die onderwysers ontvang het.  Watter soort geskenke het Paulus in gedagte gehad?  Dit is baie interessant dat hy dit beskryf as "hierdie vrug veilig oorgebring het".  Die Griekse woord wat hier gebruik was, is "karpos", wat die algemene uitdrukking is wat vir werklike vrugte gebruik was.  Dit kan ook die konnotasie van "vrugte van jou arbeid" hê.

Hierdie verduidelik Paulus se raad aan die Christene in Korinthe om hulle werk op die eerste dag van die week te doen, "sodat daar nie insamelings plaasvind wanneer ek kom nie."  Werk soos om produkte uit die tuin en veld bymekaar te maak en weg te sit, sou verseker nie gepas wees op Sabbat nie. In hierdie versies, word Sondag weer eens geïdentifiseer as 'n dag vir sekulêre aktiwiteite en ons vind geen aanduiding van godsdienstige onderhouding nie.

## Hoofstuk Sewe
## **Paulus se Langste Preek**

**D**it bring ons by die finale verwysing wat enige ondersteuning om Sondag as aanbiddingsdag te hou, kan voorsien.  In Lukas se geskiedenis van die vroeë kerk, beskryf hy die dramatiese afskeidsbyeenkoms wat Paulus saam met die

gelowiges in Troas gehou het. Diegene wat na enige klein verskoning gryp om hulle ongehoorsaamheid aan God se gebooie te regverdig, het die verslag in die boek van Handelinge ernstig verdraai. Aangesien dit die enigste verslag in die Nuwe Testament is waar 'n godsdienstige byeenkoms op die eerste dag van die week gehou was, moet ons dit noukeurig en belangstellend ondersoek.

Die volle konteks openbaar dat dit 'n aandbyeenkoms was. "Maar ná die dae van ongesuurde brode het ons van Filíppi uitgeseil en binne vyf dae by hulle in Troas gekom, waar ons sewe dae deurgebring het. En op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek, het Paulus hulle toegespreek, omdat hy die volgende dag sou vertrek, en hy het sy rede gerek tot middernag toe. En daar was baie lampe in die bovertrek waar hulle vergader het. En 'n sekere jongman met die naam van Eútichus het in die venster gesit en weggesink in 'n diepe slaap; … en het van die derde verdieping afgeval en is dood opgetel. Toe gaan Paulus ondertoe en val op hom en slaan sy arms om hom en sê: Moenie so te kere gaan nie, want sy lewe is in hom. En hy het boontoe gegaan en brood gebreek en geëet; en nadat hy nog 'n geruime tyd gespreek het tot dagbreek toe, het hy vertrek. En hulle het die seun lewendig huis toe weggebring en was uitermate getroos. Maar ons het vooruit op die skip gegaan en afgevaar na Assus, waar ons van plan was om Paulus aan boord te neem; want so het hy dit bestel, omdat hy self te voet wou gaan." (Handelinge 20:6-

13).

Daar is 'n paar baie ongewone dinge aangaande hierdie hele nag byeenkoms in Troas. Eerstens, dit moes 'n baie plegtige, aandoenlike geleentheid gewees het vir die spreker sowel as vir die gemeente. In vers 25 het Paulus verklaar, "En nou weet ek dat julle almal onder wie ek rondgegaan en die koninkryk van God verkondig het, my aangesig nie meer sal sien nie."

Dit is duidelik dat hierdie afskeidsbyeenkoms in die donker deel van die eerste dag van die week gehou was. Daar was ligte in die kamer en Paulus het tot middernag gepreek. Dit is belangrik om die Joodse manier van tydsberekening te verstaan. Dae was nie volgens die heidense Romeinse metode, van middernag tot middernag bereken nie. In die Bybel begin die dag in die aand.

Genesis beskryf al die dae van die skeppingsweek op dieselfde manier – "Dit was aand en dit was môre, die eerste dag … dit was aand en dit was môre, die tweede dag," ens. Met ander woorde, die aand kom altyd eerste in die dag.

Dit verduidelik waarom die Sabbat in hierdie woorde beskryf was, "'n Dag van volkome rus moet dit vir julle wees, … van aand tot aand, moet julle jul sabbat hou." (Levitikus 23:32). Wanneer begin die aand egter volgens die Bybel? "En toe dit aand geword het en die son onder was, het hulle na Hom gebring almal wat ongesteld en van duiwels besete was." (Markus 1:32). Aangesien die Fariseërs geleer het dat dit verkeerd was om op die Sabbat gesond te maak, het die mense

gewag totdat die Sabbat verby was om hulle siekes na Jesus te bring. Daarom het hulle hulle "in die aand, toe die son onder was" gebring. Moses het geskryf, "... moet jy die pasga slag, in die aand teen sononder" (Deuteronómium 16:6).

In Nehemia kry ons 'n ander beskrywing van die begin van die Sabbat. "En sodra dit in die poorte van Jerusalem voor die sabbat donker was, het ek gesê dat die deure gesluit moes word; en ek het gesê dat hulle dit nie mag oopmaak tot ná die sabbat nie" (Nehemia 13:19). Dit plaas definitief die eerste oomblikke van die Sabbat met sononder, wanneer dit begin donker word.

Nou is ons gereed om hierdie betroubare Bybelse beginsel op die eerste dag vergadering van Paulus in Troas toe te pas. Die aandopset sou vereis dat dit op Saterdagaand gehou word. Die Sabbat het met sononder geëindig, en die eerste dag van die week het begin. Paulus, wat 'n volle sewe dae gebly het sodat hy op Sabbat saam met die mense kon wees, het besluit om nie op Saterdagaand met die skip te vertrek nie. In plaas daarvan het hy die hele nag lank saam met die gelowiges deurgebring en toe op Sondagoggend twee-en-dertig kilometer oor die skiereiland geloop om in Assus by die boot aan te sluit.

Terloops, Paulus se sendeling metgeselle insluitende Lukas, wat die hoogtepunte van die noukeurig geskeduleerde reis neergeskryf het, het hierdie boot beman. Dit is baie betekenisvol dat hulle nie op die see sou uitgaan voordat die Sabbat op Saterdagaand verby was nie. Om met die roeispane

en seile te werk, sou nie gepas gewees het vir 'n heilige dag nie net soos Paulus se twee-en-dertig kilometer staptog oor die inham op Sondagoggend.  Nie Paulus of sy medereisigers sou in sulke sekulêre aktiwiteite betrokke geraak het op God se heilige Sabbat nie.

## Hoofstuk Agt
## **Waarom Eutichus Uit die Kerk Geval Het**

**D**ie "New English Bible" sê duidelik dat die byeenkoms op Saterdagaand gehou was.  Die hooffokus van hierdie verhaal blyk eerder te wees oor die opwekking van Eutichus uit die dood, nadat hy by die venster uitgeval het.  Die onverskrokke Paulus, nadat hy op Sabbat en die hele Saterdagaand gepreek het, het op Sondagoggend twee-en-dertig kilometer gestap om by sy metgeselle in Assus aan te sluit.  Hulle het op die skip gebly terwyl dit die Saterdagaand, nadat die Sabbat verby was,  om die skiereiland gevaar het.  Daardie lang reis van Paulus te voet die volgende dag sou baie onvanpas gewees het op enige heilige dag.

Sommige het die breek van brood gelyk gestel met die nagmaalsdiens, maar so 'n siening kan nie uit die Bybel ondersteun word nie.  Lukas verseker ons dat daardie vroeë Christene daagliks brood gebreek het.  "En dag vir dag het hulle eendragtig volhard in die tempel en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydskap en eenvoudigheid

van hart geniet" (Handelinge 2:46).

Die Bybel kan nie die bewering ondersteun dat Paulus die Here se Avondmaal saam met die gelowiges in die bovertrek gevier het nie. Dit lyk asof die bewoording aandui dat dit 'n gewone maaltyd was wat hulle saam geniet het. "En hy het boontoe gegaan en brood gebreek en geëet …" (Handelinge 20:11). Hier vind ons dat eet geassosieer was met die breek van brood. Dit is onwaarskynlik dat daar op hierdie manier na die nagmaalbrood verwys sou word.

Al het daardie afskeidsbyeenkoms egter die viering van Christus se lyding en dood ingesluit, sou dit nie enige geloofwaardigheid skenk aan Sondagonderhouding nie. Ons het reeds in Handelinge 2 gesien dat brood daagliks gebreek was, en nêrens word die Here se Avondmaal verbind met enige spesifieke dag nie. Dit is sekerlik vir enigiemand duidelik dat die Troas byeenkoms nie 'n gewone weeklikse aanbiddingsdiens was nie. Die belangrikheid van daardie hele nag sessie bestaan in die wonderbaarlike opwekking van die jong man Eutichus, en dat Paulus hulle nooit weer sou sien voor sy dood nie. Die spesifieke tydraamwerk – die hele Saterdagnag – het geen geestelike betekenis nie. Lukas, die noukeurige geskiedkundige, noem nie selfs iets oor die inhoud van Paulus se marathon preek nie, alhoewel hy getrou die wonderwerk van die opgewekte jongman neerpen. Waarskynlik was dit die *manier* waarop Eutichus by die kerk uitgeval het, en nie die *dag* waarop dit gebeur het nie wat Lukas wil beklemtoon.

Ons het nou 'n intensiewe ondersoek voltooi ten opsigte van die agt Nuwe Testament verwysings na die eerste dag van die week. Nie een daarvan bied die geringste bewys dat Sondag ooit deur God geheilig was of deur die mens gevier was nie. God se groot onfeilbare toets-Boek openbaar dat die meerderheid tradisie in plaas van waarheid navolg. Miljoene is verlei tot blinde vasklewing aan 'n nuttelose heidense simbool.

Ek word herinner aan die verhaal van 'n Russiese tsar wat een oggend rondom die grens van sy uitgebreide paleisgronde gestap het. Daar het hy 'n soldaat met 'n geweer oor sy skouer gesien wat op en af naby 'n verlate hoekie van die grensmuur gemarsjeer het. Hy het vir die soldaat, wat waarskynlik op wag was, gevra wat hy opgepas het. Die man het geantwoord dat hy slegs bevele uitgevoer het en nie geweet het waarom hy tot daardie spesifieke plek toegewys was nie. Die tsar het die kaptein van die wag gevra wat die soldaat besig was om te doen, maar hy het ook geen idée gehad nie. Die generaal in bevel van die paleissekuriteit was ook ondervra, maar hy kon ook geen rede vir die opdrag gee nie. Uiteindelik het die koning opdrag gegee dat die stowwerige militêre verslae nagegaan moes word en die geheim was ontrafel. Jare vantevore het die koningmoeder roosbome in daardie hoek van die binnehof geplant en 'n soldaat was gestuur om die klein plantjies te beskerm sodat dit nie vertrap word nie. Later het iemand vergeet om daardie opdrag te kanselleer, en die daaglikse ritueel van 'n wag op diens, het

jaar na jaar aangehou – soldate met gewere, wat niks behalwe 'n leë roostuin beskerm het nie.

Vandag is daar miljoene opregte Christene wat die heiligheid van die Sondag getrou probeer beskerm. Hulle besef nie dat daar in werklikheid niks is om op te pas nie. Die eerste dag van die week is net so sonder heiligheid as wat die verlate binnehof sonder rose is. Jesus het gesê, "Elke plant wat my hemelse Vader nie geplant het nie, sal ontwortel word." (Mattheus 15:13).

## Hoofstuk Nege
## **Die Dag Wat Hulle Gehou Het**

**N**ou dat ons alle moontlike bronne vir Sondagonderhouding uitgeput het sonder om die kleinste bewys daarvoor te vind, laat ons na die geïnspireerde geskiedenis van daardie vroeë kerk gaan. Indien hulle nie die eerste dag van die week gehou het nie, watter dag het hulle gehou? Die boek van Handelinge staaf 'n konstante patroon van sewende-dag Sabbatonderhouding. By een geleentheid was Paulus deur die Heidene versoek om 'n eksklusiewe diens vir hulle op Sabbat te hou. "En toe die Jode uit die sinagoge gaan, het die heidene versoek dat daardie woorde op die volgende sabbat tot hulle gespreek sou word. … En op die volgende sabbat het byna die hele stad saamgekom om die woord van God te hoor." (Handelinge 13:42, 44).

Daar is verskeie heel interessante punte in hierdie dinamiese versies wat die Sabbatgewoontes van Paulus en sy mede Christene bevestig. Nadat hy in die sinagoge gepreek het, waar die Heidene nie toegelaat was nie, was Paulus met versoeke van die Heidene oorlaai om "die volgende sabbat" vir hulle te preek. Baie het die aantyging gemaak dat Paulus slegs op die Sabbat in die sinagoges gepreek het omdat hy 'n skare Jode wat alreeds daar was, gehad het om mee te werk. Hierdie is 'n valse aanspraak. In hierdie geval, het Paulus 'n afspraak gemaak om op die volgende Sabbat vir die Heidene te preek, en volgens vers 43 was baie van diegene wat hom daardie dag hoor preek het "bekeerlinge" tot die geloof. Dit beteken dat hulle bekeerlinge tot die Christendom was, en Paulus en Barnabas "het hulle oorreed om in die genade van God voort te gaan."

Hoe interessant is dit dat daar van hulle Sabbataanbidding gepraat word in die konteks daarvan om in God se genade voort te gaan! Moderne kritici van die Sabbat probeer om Sabbathouers as wetties te bestempel wat vreemdelinge is vir die genade van die evangelie. Die Bybelskrywers doen dit egter nie, maar assosieer voortdurend gehoorsaamheid met die ware verlossing deur geloof.

In Handelinge 16:13 het ons positiewe bewys dat Paulus die Sabbat gehou het selfs toe daar geen sinagoge en geen Jode was nie. Hy het in Griekeland gepreek, waar daar slegs enkele Jode was en geen sinagoges nie. Wat het hy op die

Sabbat gedoen? "En op die sabbatdag het ons uitgegaan buitekant die stad langs 'n rivier waar die gebruiklike bidplek was, en ons het gaan sit en met die vroue gespreek wat daar bymekaargekom het."

Selfs met geen kerk om by te woon nie, het die apostel 'n plek opgesoek waar godsdienstige aanbidding plaasgevind het – 'n plek van gebed by die rivier – en gepreek vir diegene wat daarheen gegaan het. Niemand kan sekerlik nalaat om Paulus se diepe toewyding tot die Sabbat waar te neem terwyl ons hom in hierdie ongewone buitemuurse missie volg nie. Veronderstel nou net dat hierdie Macedoniese ondervinding op die eerste dag van die week in plaas van op die Sabbat plaasgevind het. Dit sou sonder twyfel as absolute bewys vir Sondagaanbidding genoem word, en sou ons ons daarby moes berus. Watter moontlike argument kan ons egter aanbied teen hierdie voorbeeld van Paulus in ware Sabbatonderhouding?

Ons lees weer eens van Paulus se gewoonte in hierdie woorde, "En volgens sy gewoonte het Paulus na hulle gegaan en drie sabbatte lank met hulle gespreek uit die Skrifte" (Handelinge 17:2). "En hy het elke sabbat in die sinagoge gespreek en Jode sowel as Grieke oortuig" (Handelinge 18:4).

Ten slotte, haal ons die groot apostel se persoonlike getuienis aan dat hy nooit een Sondag in sy hele lewe heilig gehou het nie. Net voor sy dood het Paulus hierdie insiggewende stelling aan die Joodse leiers gemaak, "Broeders, alhoewel ek niks gedoen het teen die volk of die voorvaderlike

sedes nie, is ek uit Jerusalem as gevangene oorgelewer in die hande van die Romeine." (Handelinge 28:17).

Dink vir 'n oomblik hieraan! Indien Paulus ooit die Sabbat opsetlik verbreek het, of 'n ander dag as die sewende onderhou het, kon hy nie met vertroue verklaar het dat hy niks teen die Joodse gewoonte gedoen het nie. Op sterkte van hierdie verklaring deur 'n man van onberispelike integriteit, sluit ons die ondersoek na die gesag vir Sondagonderhouding in die Bybel af. Dit is net nie daar nie.

Indien ons dit kon vind, sou ons godsdienstige verpligting, sonder twyfel, baie makliker gewees het om te vervul. Ons sou die ondersteuning en voorbeeld van die meeste groot godsdienstige instellings van die land hê, beide Protestante en Katolieke.

Ons soek egter nie na die populêrste of gerieflikste manier nie; ons soek na die Bybelse manier. En ons het dit gevind. In alle eerlikheid, moet ons verklaar dat die heersende gewoonte om 'n ander dag as die een wat in die handgeskrewe wet van God beveel word te hou, teenstrydig is met die Woord wat ons uiteindelik gaan oordeel. Geen populêre meerderheidsopinie kan die onteenseglike getuienis van 'n eenvoudige "So sê die Here" tot niet maak nie. Ons moet die Bybel en die Bybel alleen as ons grondslag vir die leerstelling oor hierdie onderwerp gebruik.

Die Woord van God verklaar, "Die sewende dag is die sabbat van die Here jou God: dan mag jy geen werk doen nie."

(Exodus 20:10). Totdat ons in die Bybel 'n aanduiding vind dat God die morele wet teruggetrek het wat Hy aan die wêreld gegee het met so 'n vertoning van krag en heerlikheid, sal ons aanvaar dat die Tien Gebooie nog steeds vandag van krag en bindend is. God het gesê wat Hy bedoel het, en Hy bedoel wat Hy gesê het.

Sommige redeneer dat God ons vrygestel het van die vierde gebod omdat dit onmoontlik is om die sewende dag te hou in die kompeterende, industriële samelewing waarin ons ons daaglikse inkomste moet verdien. Dit is ongetwyfeld waar dat Satan die ekonomiese wêreld gemanipuleer het tot die duidelike nadeel van die Sabbathouer, maar God het nog nooit die onmoontlike vereis nie. Dit is nooit nodig om een van God se gebooie vir welke rede ookal te verbreek nie.

U mag sê, "Maar my werkgewer vereis dat ek op Saterdag moet werk en ek kan nie my gesin van die honger laat omkom nie." Die antwoord op daardie probleem was lank gelede in die Bergpredikasie deur ons Here gegee. Hy het gesê, "Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word." (Mattheus 6:33). Die voorafgaande versie beskryf "hierdie dinge" as voedsel, klere, en 'n werk. Jesus sê eenvoudig vir ons dat indien daar ooit 'n konflik is tussen gehoorsaamheid aan Hom en gehoorsaamheid aan ons werkgewer, ons Hom eerste moet stel. Materiële oorwegings behoort nooit belangriker geag te word as om God se wil te doen nie.

God eer altyd die geloof van 'n Christen wat besluit om die Sabbat te hou ongeag van wat met sy werk gebeur.  Baie kere doen God wonderwerke deur spesiale reëlings te maak vir die Sabbathouer.  In sommige gevalle laat Hy Sy kinders toe om getoets te word deur hulle werk te verloor, en voorsien dan 'n beter werk in antwoord op hulle geloof.  Die "dinge" word egter altyd bygevoeg wanneer ons Hom vertrou en gehoorsaam, ongeag van die omstandighede.

Die ware geheim daarvan om die Sabbat van die Here te onderhou, is om die Here van die Sabbat in ons harte te hê! Dit is liefde wat God se kinders lei om die dood te kies eerder as om ongehoorsaam te wees aan een van Sy gebooie.  Jesus het gesê, "As julle My liefhet, bewaar my gebooie."  (Johannes 14:15).  Die apostel Johannes het liefde in hierdie woorde beskryf, "Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie."  (1 Johannes 5:3).

Dit is dus nie soveel die vraag van 'n dag nie as wat dit is oor 'n manier – die manier van gehoorsaamheid deur liefde, of ongehoorsaamheid deur 'n gebrek aan liefde.  Maak 'n nota hiervan en moet dit nooit vergeet nie!  Om die Sabbat te hou, selfs die ware sewende-dag Sabbat, is tevergeefs indien dit nie voortvloei uit 'n hart vol liefde en toewyding aan God nie. Sonder liefde raak alle wetsonderhouding meganies en ongelukkig, maar met liefde, word elke gebod 'n vreugde en genot.  Maak hierdie soort persoonlike liefdesverhouding die basis van u Sabbatonderhouding, en dit sal die gelukkigste dag

van die week vir u wees, vir die res van u lewe!